

## “Kurrikulum besluitneming tyd”

deur Willemien Krüger © Desember 2011

Dikwels is the eerste vraag wat nuwe tuisskolers vra wanneer hulle wil begin tuisonderrig “watter kurrikulum moet ek gebruik?”. Die ironie is dat die antwoorde wat gegee word dikwels onduidelik is, soms meer verwarrend as verklarend. In hierdie artikel gaan ons ‘Om ‘n besluit oor Kurrikulum te neem’ in meer diepte ondersoek om tuisskolers te bemoedig om nie bang te wees om te eksperimenteer nie.

‘n Beter plek om te begin vir ‘n nuwe tuisskoler is by die eerste belangrike stap (Stap 1 van die [7 Stap proses](http://www.homeschooling-curriculum-guide.com/electic-homeschooling-7Stepprocess.html) op [www.homeschooling-curriculum-guide.com/electic-homeschooling-7Stepprocess.html](http://www.homeschooling-curriculum-guide.com/electic-homeschooling-7Stepprocess.html)) deur te vra “Wat is my visie vir tuisskool vir my kinders?” “Wat wil ek bereik?” Deel van visie sluit in jou wêreldbeskouing en geloof siening, asook watter waardes jy wil hê jou kinders moet leer. Hierdie sal definitief help om sekere kurrikulums te elimineer wat nie hierdie waardes ondersteun nie. Dis ook wys om te verstaan watter verskillende benaderings daar tot tuisonderrig is (soos beskryf word as [Stap 2](#)). Byvoorbeeld, wanneer ‘n literatuur benadering gevolg word, hoef jy nie eers regtig te kyk na handboek kurrikulums nie. Voel vry om alles te ignoreer wat buite jou gekose benadering val. Dit is dan sinvol om oor jou Kursus omvang ([Stap 3](#) van die proses) te dink, want dit sal ook help om [Kurrikulum beter te ondersoek en kry](#) as [Stap 4](#) van die tuisonderrig verbeteringsproses. Die Kursus omvang sal jou help definieer watter ‘vakke’ of leerareas jy graag wil hê jou kind moet leer. Dit sal dus weer help om kurrikulums of in te sluit of uit te sluit vir oorweging in jou besluitneming proses.

Die belangrike ding om te verstaan is dat daar is nie so iets soos die perfekte kurrikulum vir tuisonderrig van jou *hele* familie vir *al* hulle skool jare nie. Steeds glo baie dit nie.....Ons woon werksinkels by, lees oor produkte by Tuisskool uitstallings, gesels met honderde produkverskaffers terwyl ons dink ons sal uiteindelik die skat ontdek – die perfekte kurrikulum. Maar kurrikulum besluite word die beste geneem **jaar-tot-jaar** deur ‘n paar faktore in ag te neem. ‘n Nuwe tuisskoler sal soms dink hulle het geen idee hoe om inligting oor kurrikulums in die hande te kry nie, maar soos jy navorsing doen, uitvind, ontdek, bespreek en jou oë oop hou sal jy later besef daar is so baie informasie dat dit selfs oorweldigend kan wees ! Alhoewel dit wonderlik is dat daar so baie hulpbronne beskikbaar is (boeke, eenheidstudies, handboeke, werkboeke, aanvullende DVD’s en oudio leërs, literatuur studies, wetenskap stelle ens.) kan dit ‘n uitdagende taak wees om ‘n besluit te neem oor wat reg is vir jou familie. Selfs ervare tuisskolers kan meegesleur word in die soeke na beter wanneer daar na nuwe opwindende produkte gekyk word ! Ek glo dit is hierdie feit wat maak dat mense die besluit ontwyk deur eerder ‘n vooraf uitgedinkte Handboek kurrikulum kies. As ‘n eerste keuse is dit nie ‘n slegte idee nie, want dit kan mens dikwels vinnig help verstaan wat jy soek en nie soek in ‘n kurrikulum nie. Dit sal jou help ontspan soos wat jy dan besef dat jy kan eksperimenteer om ‘n kurrikulum te vind wat vir jou werk en jou spesifieke kind vir daardie spesifieke jaar.

Dit is waar kurrikulum evaluering waardevol is. Dit verskaf verskillende perspektiewe op kurrikulum. Maar dit is steeds die beste om te probeer om die kurrikulum fisies vir jouself te kan sien. Dit is waarom dit sinvol is om deel van ‘n tuisskool ondersteuningsgroep te wees, want dit is waar jy mense ontmoet wat reeds kurrikulum besit. Gaan besoek hulle en ondersoek so verskillende opsies. Alle tuisskolers verstaan hoe moeilik die eerste stappe was en sal met graagte hulle gunsteling en ook nie-gunsteling deel om jou te help om te besluit wat is die beste passing vir jou familie.

As jy ‘n gelowige is, dan sal kurrikulum keuses ‘n area wees waar geloof praktiese toepassing sal vind en baie waardevol is. **Bid gedurig** vir wysheid, onderskeiding en leiding deur die proses om raaiwerk te verhoed. Ons kan so in vertrouwe rus wetende dat ons die tyd geneem het om te bid, te luister en uit te voer wat reg is.

As jy regtig goed gedink het oor jou visie, en jy verstaan die verskillende benaderings tot tuisonderrig en jy het ‘n idee van ‘n kursus omvang, dan is daar **sekere faktore** wat in ag geneem kan word wanneer jy die kurrikulum keuses maak insluitende :

1. **Verlede suksesse** : Deel van kontinue verbetering is om die verlede te evalueer en te dink oor wat gewerk het al dan nie. Evaluering is [Stap 6](#) van die [7 Stap proses](#) soos beskryf is, of dit daaglik, kwartaalliks of jaarliks gebeur vir kurrikulum besluite. Dit is vertroostend om te weet dat nie alles het gefaal nie, en wanneer jy tevrede is met selfs een vak se hulpbronne wat goed gewerk het, maak dit die kurrikulum keuses nouer. Dink oor die vorige jaar en gebruik wat gewerk het weer die volgende jaar – moenie elke jaar alles verander nie. Natuurlik is hierdie moeiliker as mens begin

met tuisskool, maar binne 'n kwartaal sal jy reeds 'n gevoel kry vir wat werk en wat werk nie vir jou familie nie.

2. **Finansies** : Jou finansiële situasie is 'n groot konsiderasie in jou tuisskool planne. Die skep van 'n realistiese begroting is belangrik. Om dan te besluit watter fondse waar in die begroting toegeken word is waar kreatiwiteit en prioriteit die rol speel. Soms sal een of twee duurder aankope beter aan ware behoeftes voldoen as 'n ooraanbod van goedkoop items wat nie heeltemal die ding doen nie. 'n Sleutel tot wyse kurrikulum keuses is om jou huiswerk deeglik te doen en moenie noodwendig 'n produk diskwalifiseer net omdat dit duur is nie.
3. **Tyd beskikbaar** : Hoeveel tyd gaan jy regtig beskikbaar hê vir jou kind(ers) en hoeveel tyd gaan hulle beskikbaar hê? Daar is seisoene in mens se lewe wat die werklike tyd beskikbaar beïnvloed. Laat ruimte toe vir die groot seisoene in mens se lewe – swangerskap, klein kindertjies, siekte, nuwe projekte, begin van 'n besigheid, bouprojekte, nuwe avonture of selfs bedieninge kan alles jou ware tyd beskikbaar vir tuisonderrig beïnvloed. Dink oor watter geleenthede die nuwe jaar gaan bring ? Is daar 'n groep beskikbaar waar iemand dinge wil deel met ander waarvan jy wil deel wees ? Watter vakansies word beplan ? Watter tipe uitstappies sal realities wees om in te pas ? Wonderlike opvoedkundige ervarings kom nie altyd in die vorm van kurrikulums nie en dis juis ervaring wat mens help om hierdie geleenthede te herken en te beplan.

Die belangrikste ding oor tyd is die feit dat **“jy die een is wat emosioneel en fisies teenwoordig moet wees om jou kind(ers) aan te moedig, om te luister, te deel, ondersteun en jou kind verantwoordelik te hou teenoor sekere standaarde. Maar daar is opsies wanneer dit kom by die daaglikse beplanning van lesse, verduidelik van konsepte of terugvoer gee vir jou kind. Daar is hoofsaaklik vier hoof opsies vir jou as tuisskool ouer (wat jou ware tyd beskikbaar affekteer):**

1. Jy kan die hoof onderwyser(es) wees,
2. Jy kan die toergids wees,,
3. Jy kan leer fasiliteer soos wat hy/sy hom/haarself leer
4. Jy kan die skeidsregter wees terwyl iemand anders.”

(soos gestel deur Hilary Lynch van <http://www.home-school-curriculum-advisor.com>)

4. **Watter fokus is nodig** : Soms dink ons dat akademiese vakke die belangrikste is, maar wat gedoen as jou 12 jarige altyd die werksopdragte ignoreer wat hy moet doen....dan is 'n seisoen van karakter opleiding en dissipline dalk as meer belangrik beskou word vir 'n tyd. Of wat gedoen as daar konstante bakleiery tussen die kinders is dat minimum werk gedoen word, dan maak dit sin om dalk op kommunikasie en verhouding bou te konsentreer vir 'n tyd as net op akademie. Daar is wel fokus areas binne akademie, sommige vakke het meer fokus sekere jare as ander jare nodig. Jy is die beste persoon om te oordeel watter areas fokus nodig het vir 'n sekere tydperk. Byvoorbeeld – is jou kinders dalk wiskunde genieë maar sukkel met spelling of het geen tyd vir lees nie ? Of het julle dalk al die laaste vier jaar geskiedenis kronologies behandel en kan doen met 'n breuk ? Is jou jonger kinders reeds vloeiend met lees en kan onafhanklik lees ? Is daar tyd in die skedule ingebou vir pret en lekker dinge soos kuns en musiek waardering ? Is daar spesifieke vakgebiede wat prioriteit moet neem i.t.v. tyd en finansies ? Hierdie vrae behoort jou te help fokus en voorkom dat jy die laaste oulike ding sal koop wat op die tuisskool expo uitgestal is of wat jou vriendin pas aangekoop het.

Hilary Lynch van <http://www.home-school-curriculum-advisor.com> stel ook die volgende interessante perspektief om ook in gedagte te hou wanneer kurrikulum keuses gemaak word.

**“Watter karakter eienskappe wil jy hê moet die kurrikulum in jou kind ontwikkel?**

**Deursettingsvermoë** in klaarmaak wat hy/sy begin het? **Self-dissipline?** Miskien kreatiewe probleem oplossing vaardighede? Of wil jy eerder nie 'n ophef maak van die klaarmaak van 'n werksopdrag maak as hy/sy die wiskunde feite op 'n ander manier kan leer nie? Aanvullend tot enige leerdoelwitte wat 'n kurrikulum mag stel (soos die inoefening van maaltafels), is daar altyd onderliggende doelwitte wat karakter eienskappe ontwikkel deur die gebruik van 'n bepaalde kurrikulum. Watter karakter kwaliteite moedig hierdie kurrikulum aan? **Kreatiwiteit?** **Self-dissipline?** **Selfvertroue?** **Tydbestuur?** Om te weet watter karakter eienskappe jy graag wil hê moet ontwikkel in jou kind met die gebruik van die kurrikulum sal jou help om wyse keuses te maak wat werk vir jou, dag in en dag uit, in jou tuisskool.”

5. **Struktuur benodig** : Vir sommige mense is dit maklik om te weet hoe om 'n dag te beplan of 'n week of 'n kwartaal ens. Vir ander is dit moeilik en dus sal hulle regtig baat vind by reeds uitgewerkte lesbeplannings. Wanneer daar na kurrikulums gekyk word ondersoek ook die ondersteuning wat gebied word daarmee saam. Sommige bied dag-tot-dag lesbeplannings wat-om-

wanneer-te-doen lysies, waar ander dalk net 'n boek verskaf en aanneem dat jy beplanning self sal doen. Weet wat is jou behoeftes en doen navorsing soos nodig. Die goeie nuus is dat soos jy groei in die tuisonderrig proses, so sal beplanning en skedulering verbeter en sal jy beter en meer gemaklik met minder struktuur raak.

6. **Navorsing** : Lees produkte evaluasies, beoordelings, oorsigte, kurrikulum webblaaie, produk vergelykings, voorbeelde van kurrikulum ens. Soek vir items waarin jy geïnteresseerd is, maar onthou ook om in vakgebiede te ondersoek. Die produk wat evalueer word, is dalk presies wat jul nodig het en jy sal dalk net daarvan gehoor het deur 'n produk evaluasie. Produkte waarvan nog nooit gehoor is nie, kan dalk familie gunsteling word. Lees soveel beoordelings as wat jy kan op onderwerpe wat jou interesseer – van beoordelaars wat jou filosofie deel tot die teenoorgestelde. Webblaaie as <http://www.homeschoolreviews.com/> , [http://www.timberdoodlecompany.com/Homeschool\\_product\\_reviews/](http://www.timberdoodlecompany.com/Homeschool_product_reviews/) of [http://thehomeschoolmagazine.com/Homeschool\\_Reviews/](http://thehomeschoolmagazine.com/Homeschool_Reviews/) kan 'n beginpunt wees.
7. **Betrek die kinders**: Wanneer kinders insette gee tot hulle eie opvoeding is daar meer entoesiasme. Laat hulle keuses toe, as dit 'n opsie is en soos wat hulle ouderdomme toelaat. Gee hulle grense en laat hulle kies binne die grense. 'n Maklike manier om hulle keuse mee toe te laat is deur die inkorporasie van eenheidstudies.

Soos wat hierdie 7 faktore mag help in kurrikulum keuses, onthou dat kurrikulum ook aangepas kan word om **aan jou behoeftes te voldoen**. Soms moet jy die beste gebruik maak van wat jy het, moenie bang wees om aan te vul waar tekort is nie, of te ignoreer waar daar meer as nodig is. Die eboek genaamd “Your Guide to examining curriculum” by <http://thehomeschoolmagazine.com/> het 'n uitstekende artikel in deur Heidi Pair genaamd *Finding a Fit in the Imperfect: Adapting Curricula to Suit Your Needs* wat hierdie proses in detail beskryf.

Laastens is dit belangrik om te weet dat verandering nie net moontlik is nie, maar ook nodig. Soos die 7 Stap proses tot tuisskool verbetering leer in Stap 7, aanpassing en verandering is 'n normale deel van tuisonderrig. Dit is egter nie aan te bevele om te gereeld kurrikulum te verander in te kort tydperke nie. Kwartaaliks of jaarliks is 'n beter opsie.

Ter opsomming, wanneer besluite oor kurrikulum gegee moet word, vra jouself die volgende **12 vrae** :

1. Het ek **vrede** oor die produk ?
2. Ondersteun die produk **ons visie, geloof en wêreldbeskouing** ?
3. **Pas** die produk by die **benadering** tot tuisskool waarmee ek gemaklik is ?
4. Sal hierdie produk die verwagte **Kursus omvang** of dele daarvan vir my kind(ers) 'leer' soos ek dit graag sal wil sien ?
5. Het hierdie produk **in die verlede gewerk** ? of vir enige iemand anders wat ek ken ? Hoekom of hoekom nie ?
6. Kan ons hierdie produk **finansieel bekostig** ? Hoekom of hoekom nie ?
7. Kan ons hierdie produk bekostig **tydgewys** ? Hoekom of hoekom nie ?
8. Sal hierdie produk **die nodige fokus ondersteun** vir 'n sekere vakgebied of ander saak wat aandag nodig het gee ?
9. Het hierdie produk die nodige **struktuur** waarmee ek gemaklik is ?
10. Het ek my **navorsing** op die produk gedoen ?
11. Het ek die kinders betrek en **geluister** na hulle insette ?
12. Benodig hierdie produk enige **aanpassings** of aanvullings ?

So in jou soektog na die 'perfekte kurrikulum' vir nou, hou in gedagte dat jy die regte ouer is vir jou kind(ers) en dat jy sal 'weet' wat werk en wat werk nie. Moenie bang wees om kurrikulums te probeer nie, om te eksperimenteer, aan te pas en verander op jou wonderlike tuisonderrig reis !